

TEBUROX

BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY

GEBRUIKSAANWYSINGS INGESLUIT
Lotnummer
Datum van vervaardiging

VERWYS NA BESONDERHEDE
SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK

TEBUROX

HERBICIDE

Reg. No. L9658, Act/Wet No. 36 of/van 1947

2: 18/02/2016

A suspension concentrate herbicide for the control of certain broadleaf and grass weeds in sugarcane.

'n Suspensiekonsentraat onkruidodder vir die beheer van sekere breëblaar-en grasonkruid in suikerriet.


HRAC HERBICIDE GROUP CODE	C2	HRAC ONKRUIDDODERGROEPKODE
ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDEDEEL		
Tebuthiuron (urea)	500 g/l	Tebutiuron (ureum)



Registration Holder / Registrasiehouer
Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk.
 Reg. No. 2000/010819/07
 P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid-Afrika

5l

UN Number: 3082









HARMFUL / SKADELIK




WARNINGS

- Poisonous if swallowed. In case of poisoning, call a doctor and show this label to him / her.
- Store under a lock and key in a cool place away from food, feed, seed, fertilizers or other agricultural remedies.
- Keep out of reach of children, animals and uninformed people.
- Avoid eye contact.
- **Re-entry:** Do not enter the treated area within 1 day unless wearing protective clothing.
- **TEBUROX** has been tested on the most important commercial cultivars and no significant phytotoxic effects in the form of yield reduction have been recorded under normal growing conditions. More susceptible cultivars may be released in future which need to be tested; for this apply **TEBUROX** to a limited test area before commercial applications are made.
- **Aerial application:** Notify all inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not apply over water bodies and ensure that spray drift will not contaminate areas under treatment.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Do not inhale the spray mist.
- Avoid contact with the skin, eyes and clothing.
- In the case of contamination, flush immediately with water.
- Wash with soap and water directly after use or skin contact.
- Do not smoke, eat or drink whilst handling this product or before washing hands and face and changing clothes.
- Prevent contamination of food, feed, drinking water as well as eating utensils.
- Wash contaminated clothing daily.
- Do not apply where the roots of any desirable plants may absorb the product.
- Invert the empty container over the spraying or mixing tank and allow it to drain for at least thirty seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter, rinse the container three times with a volume of water equal to at least 10% of the volume of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner.
- Avoid spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams or other areas not under treatment.
- Clean all equipment thoroughly following use and dispose of the wash water where it will not pollute the environment. Empty containers should be disposed of in approved pesticide incinerators.
- Do not use the empty container for any other purpose.

SYMPTOMS OF HUMAN POISONING

Ingestion: Transient leg weakness, hypoactivity and poor grooming.

Inhalation: Transient hypoactivity, dyspnoea and hyperpnoea.

FIRST AID TREATMENT

Ingested: Call a physician or poison control centre. Get patient to drink 1 – 2 glasses of water if able and conscious. Induce vomiting by touching the back of the throat. Do not induce vomiting or give anything by mouth to an unconscious patient.

Skin contact: Wash with plenty of soap and clean water. Seek medical assistance if irritation persists.

Eye contact: Flush with plenty of clean water for at least 15 minutes. Remove contact lenses. Seek medical assistance if irritation persists.

Inhaled: If discomfort is experienced, move the patient to fresh air. If breathing difficulty occurs, seek medical assistance.

NOTE TO PHYSICIAN

Symptomatic treatment.

USE RESTRICTIONS

- **TEBUROX** should not be used in areas near trees or other desirable plants, or where their roots are present, as **TEBUROX** may leach into the root zone of these plants and cause severe injury or death of these plants.
- **TEBUROX** may be applied as a pre- or early post-emergence herbicide to plant and ratoon sugarcane.
- Do not apply **TEBUROX** to cane trash or to soils with an organic matter content of more than 10%, nor to soils with a clay content of less than 8%.
- Do not plant any crop other than sugarcane within two years of a **TEBUROX** application.
- Do not apply to any crop or situation not mentioned in this label.
- Do not apply this product in combination or tank mixture with any other product or agricultural remedy which is not specifically listed on this label. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd accepts no responsibility for any negative effects experienced if the instructions on this label are not adhered to, unless a Meridian representative was consulted beforehand.

RESISTANCE WARNING

For resistance management, **TEBUROX** is a group code C2 herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **TEBUROX** and other Group Code C2 herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds may not be controlled by **TEBUROX** or any other Group Code C2 herbicide.

To delay herbicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide Group Code. Alternate or tank mix with registered products from different herbicide Group Codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into weed control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

The presence of resistant weeds is difficult to detect prior to use and therefore neither the Registration Holder nor the Distributor can accept responsibility for any losses as a result of **TEBUROX** not controlling resistant weeds. Do not apply **TEBUROX** alone in situations where weed resistance has been confirmed. Sub-standard application of **TEBUROX** will lead to inferior weed control and may assist in development of herbicide resistance. It is of the utmost importance to inspect treated areas at regular intervals in order to identify the occurrence of herbicide-resistant weeds timeously.

MODE OF ACTION

TEBUROX is a herbicide, absorbed mainly by the roots, with ready translocation.

DIRECTIONS FOR USE

Use only as directed.

COMPATIBILITY

The compatibility of **TEBUROX** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made. Do not mix **TEBUROX** with any products not listed in this label. **TEBUROX** is compatible with **Diuron 80WG** (L 9653), **Ametryn 800WG** (Reg. Pending), **Qwest SC** (L 7508) and **Acetak EC** (L6904).

When using other products in a spray program with **TEBUROX, always consult the labels of those particular products regarding directions and restrictions for their application and crop rotation recommendations.**

MIXING AND APPLICATION INSTRUCTIONS

Half-fill the spray tank with clean water. Make a premix by carefully measuring out the required amount of **TEBUROX** and mixing it with approximately 5 litres of clean water, and then add the premix to the water in the tank while agitating. Mix the required amount of tank mix partner separately by mixing the required amount with approximately 5 Litres of clean water. Add the premixed partner to the tank. Then add the required amount of a suitable adjuvant. Fill the spray tank to the desired volume with water.

Maintain constant agitation.

Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank for more than 6 hours after mixing. Spraying equipment must be thoroughly flushed out at the end of the spraying operation.

APPLICATION METHODS

Ensure that the equipment is correctly calibrated and is checked regularly during application to ensure even and accurate application.

GROUND APPLICATION

TEBUROX may be applied using any well-maintained medium or high volume sprayer equipped with efficient agitation and which is able to ensure adequate coverage of the target area and even distribution. Fit flat fan type nozzles to ensure the best results. **TEBUROX** should be applied in 200 – 300 litres of water / ha. The spray mixture should be continuously agitated before and during application.

Do not allow the spray mixture to settle out in the spray tank. Established vegetation, particularly perennial weeds (including for example *Panicum maximum* perennial clumps or stools), should be mechanically or chemically removed prior to application of **TEBUROX** tank mixtures.

Pre-emergence:

Apply **TEBUROX** plus **DIURON 80WG** or **ACETAK EC** or **AMETRYN 800WG** to a soil surface free of cane trash, clods and established weeds. Do not apply to soil that is excessively dry or excessively wet. Rain or a moderate irrigation is required to leach **TEBUROX** into the top layer of the soil where seeds germinate.

Post-emergence:

For the post emergence application of **TEBUROX** plus **DIURON 80WG** or **ACETAK EC** or **AMETRYN 800WG** or **Qwest SC**, it is recommended that a suitable adjuvant be added to the spray mixture (see recommendations table for details). Broadleaf weeds should not have developed beyond the four leaf stage at the time of the application. Grass weeds should not have developed beyond the three leaf stage at the time of the application. For the tank mixture of **ACETAK EC** plus **TEBUROX**, the presence of grass seedlings at the time of the application (or before sufficient rainfall / overhead irrigation has occurred to activate the acetochlor present in **ACETAK EC**), may result in poor weed control.

AERIAL APPLICATION (With Diuron 80WG, Acetak EC and Ametryn 800WG only)

Aerial application may only be done by a registered aerial application operator using a registered and correctly calibrated aircraft according to the instructions of SANS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies). It is important to ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria are met:

Equipment

- Use suitable atomising equipment that will produce the desired droplet size and coverage of the target area and will ensure minimum loss of product through drift.
- The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- All nozzles and atomisers should be positioned within the inner 75% of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.

Application Parameters

- A droplet spectrum with a VMD of 350 microns is recommended. Ensure that the production of fine droplets, with a VMD of less than 150 microns, is restricted to a minimum.
- The height of the spray boom should be maintained at 3 - 4m above the target.
- Do not spray when the aircraft is in a climb, at the top of a turn or during a dive or when banking.

Pre-emergence

- A minimum volume of 30 l spray mixture per ha is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy nor be held responsible for any adverse effects if this product is applied aurally at a lower volume rate than recommended.
- A minimum droplet coverage of 20 – 30 droplets per sq cm must be recovered at the target.

- A droplet spectrum with a VMD of 350 – 400 microns is recommended. Ensure that the production of fine droplets, with a VMD of less than 150 microns, is restricted to a minimum.

Post-emergence:

- A minimum volume of 30 – 35 ℓ spray mixture per ha is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy nor be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended.
- A minimum droplet coverage of 35 – 45 droplets per sq cm must be recovered at the target.
- A droplet spectrum with a VMD of 300 – 350 microns is recommended. Ensure that the production of fine droplets, with a VMD of less than 150 microns, is restricted to a minimum.

Meteorological Conditions

- The difference between the wet and dry bulb readings as determined by a whirling hygrometer must not exceed 8 °C.
- Do not spray under turbulent, unstable conditions or during the heat of the day when rising thermals and downdraughts occur.
- Do not spray under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80% and above). As this may lead to:
 - a) Reduced efficacy due to inadequate coverage due to suspension and evaporation of small droplets in the air.
 - b) Damage to sensitive crops and non-target areas due to drifting of the suspended spray cloud away from the area under treatment.
- Do not spray when the wind speed exceeds 15 km per hour.

General

- Ensure that fields are accurately marked and that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met and that the relevant data will be kept for future reference.

RECOMMENDATIONS

PRE-EMERGENCE

CROP	SOIL CLAY %	GROUND APPLICATION RATE / ha	AERIAL APPLICATION RATE / ha
Sugarcane:	8-30 (Sand and sandy clay loam)	2.0 ℓ TEBUROX Plus EITHER 2.5 Kg DIURON 80WG OR 1.75 – 2.5 ℓ ACETAK EC OR 2.50 kg/ha AMETRYN 800WG	2.25 ℓ TEBUROX Plus EITHER 2.75 Kg DIURON 80WG OR 2.81 kg/ha AMETRYN 800WG
	31-50 (Sandy clay loam to sandy clay)	2.5 ℓ TEBUROX Plus EITHER 2.5 Kg DIURON 80WG OR 2.25 – 3.0 ℓ ACETAK EC OR 2.50 kg/ha AMETRYN 800WG	2.75 ℓ TEBUROX Plus EITHER 2.75 Kg DIURON 80WG OR 2.81 kg/ha AMETRYN 800WG

POST-EMERGENCE

TABLE 1: TEBUROX APPLIED IN TANK MIXTURE WITH EITHER DIURON 80WG, ACETAK EC OR AMETRYN 800 WG

CROP	SOIL CLAY %	GROUND APPLICATION RATE / ha	AERIAL APPLICATION RATE / ha
Sugarcane:	8-30 (Sand and sandy clay loam)	<p>2.0 l TEBUROX</p> <p>Plus EITHER</p> <p>2.5 kg DIURON 80WG</p> <p>OR</p> <p>1.75 – 2.5 l ACETAK EC</p> <p>OR</p> <p>2.50 kg/ha AMETRYN 800WG</p> <p>Plus</p> <p>Suitable adjuvant such as Wet-All or H & R crop oil at the recommended rates.</p>	<p>2.25 l TEBUROX</p> <p>Plus EITHER</p> <p>2.75 kg DIURON 80WG</p> <p>OR</p> <p>2.81 kg/ha AMETRYN 800WG</p> <p>Plus</p> <p>Suitable adjuvant such as Wet-All or H & R crop oil at the recommended rates.</p>
	31-50 (Sandy clay loam to sandy clay)	<p>2.5 l TEBUROX</p> <p>Plus EITHER</p> <p>2.5 kg DIURON 80WG</p> <p>OR</p> <p>2.25 – 3.0 l ACETAK EC</p> <p>OR</p> <p>2.50 kg/ha AMETRYN 800WG</p> <p>Plus</p> <p>Suitable adjuvant such as Wet-All or H & R crop oil at the recommended rates.</p>	<p>2.75 l TEBUROX</p> <p>Plus EITHER</p> <p>2.75 kg DIURON 80WG</p> <p>OR</p> <p>2.81 kg/ha AMETRYN 800WG</p> <p>Plus</p> <p>Suitable adjuvant such as Wet-All or H & R crop oil at the recommended rates.</p>

TABLE 2: QWEST SC AND TEBUROX APPLIED EARLY POST-EMERGENCE AS AN OVERALL APPLICATION IN A TANK MIXTURE

The following weeds will be controlled at the rates and weed stages as indicated.

CROP	APPLICATION RATE / ha	Botanical name	Common name	Optimum weed stage
Sugarcane	1.0 l TEBUROX + 2.5 l QWEST SC in 250 – 400 l water / ha	Broadleaf weeds: <i>Amaranthus spinosus</i> <i>Commelina benghalensis</i> <i>Portulaca oleracea</i>	Thorny pigweed Benghal wandering Jew Purslane	2 – 4 leaf
	1.5 l TEBUROX + 2.0 l QWEST SC in 250 – 400 l water / ha	Grasses: <i>Digitaria sanguinalis</i> <i>Eleusine indica</i> <i>Eragrostis ciliaris</i> <i>Eragrostis curvula</i> <i>Panicum maximum</i>	Crab finger-grass Goose grass - Weeping love grass Common buffalo grass	2 – 4 leaf
	2.0 l TEBUROX + 2.5 l QWEST SC in 250 – 400 l water / ha	Sedges <i>Cyperus esculentus</i>	Yellow nutsedge	3 – 5 leaf

NOTE:

If aerial application is used, and yellow nutsedge (which is between the six and eight leaf stage) is present, the addition of **AMETRYN 800WG** at 2.81 kg/ha instead of **DIURON 80WG** to the above **TEBUROX** application rates for aerial application, is recommended.

The addition of **AMETRYN 800WG** will also improve the “knockdown” effect of **TEBUROX** on other weeds.

Yellow nutsedge (*Cyperus esculentus*) may not be controlled if **TEBUROX + Qwest SC** is applied during very dry conditions in the Midlands area of Kwazulu-Natal.

WEEDS NORMALLY CONTROLLED BY TEBUROX IN A DIURON 80WG OR ACETAK EC OR AMETRYN 800WG TANK MIXTURE:

BROADLEAF WEEDS

<i>Acacia mearnsii</i>	Black wattle
<i>Amaranthus hybridus</i>	Common pigweed
<i>Amaranthus spinosus</i>	Thorny pigweed
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Red pigweed
<i>Bidens pilosa</i>	Common Blackjack
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot
<i>Chenopodium carinatum</i>	Green goosefoot
<i>Cleome monophylla</i>	Spindlepod
<i>Commelina benghalensis</i>	Benghal wandering Jew
<i>Galinsoga parviflora</i>	Gallant soldier
<i>Hibiscus trionum</i>	Bladder weed
<i>Portulaca oleracea</i>	Purslane
<i>Plantago lanceolata</i>	Ribwort
<i>Schkuhria pinnata</i>	Dwarf marigold
<i>Tagetes minuta</i>	Khaki weed
<i>Urtica dioica</i>	Stinging nettle

GRASSES

<i>Digitaria sanguinalis</i>	Crab fingergrass
<i>Eleusine indica</i>	Goose grass
<i>Panicum schinzii</i>	Sweet buffalo grass
<i>Panicum maximum</i>	Common buffalo grass
<i>Panicum natalensis</i>	Natal buffalo grass

VARIABLE CONTROL OF THE FOLLOWING WEEDS BY TEBUROX IN A DIURON 80WG OR ACETAK EC OR AMETRYN 800WG TANK MIXTURE CAN BE EXPECTED.

<i>Acanthospermum hispidum</i>	Upright starbur
<i>Convolvulus arvensis</i>	Field bindweed
<i>Conyza sumatrensis</i>	Tall fleabane
<i>Hypochoeris radicata</i>	Hairy wild lettuce
<i>Ipomoea purpurea</i>	Common morning glory
<i>Sesbania bispinosa</i>	Spiny sesbania
<i>Xanthium strumarium</i>	Cocklebur

VARIABLE CONTROL OF THE FOLLOWING WEEDS BY TEBUROX IN AN ACETAK EC TANK MIXTURE CAN BE EXPECTED.

<i>Cyperus esculentus</i>	Yellow nutsedge
---------------------------	-----------------

NOTE:

Cyperus esculentus may be controlled under the following conditions:

Planting into a fine and firm clod-free seedbed must be directly preceded by a deep mouldboard ploughing. Spraying must occur directly after the final seedbed preparation and planting and sufficient continual soaking rain or irrigation (at least 15 mm irrigation or rain on light soils and 25 mm on heavy soils) has to occur before the yellow nutsedge plants begin to germinate and develop.

TEBUROX controls the above mentioned weed species in the tank mixes as indicated. Other weed species that were not present in the development trials of this product may also be controlled to a certain degree. The registration holder accepts no responsibility for unlisted weeds.

ACKNOWLEDGEMENT OF TRADEMARKS

Acetak EC (L 6904)
Ametryn 800 WG (Reg. Pending)
Diuron 80WG (L 9653)
Wet-All (L8361)
H&R crop oil (L6491)
Qwest SC (L 7508)

Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.
Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.
Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.
Arysta Lifescience South Africa (Pty) Ltd.
H&R Global Special Products Sales (Pty) Ltd.
Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.

WAARSKUWINGS

- Giftig indien ingesluk. In geval van vergiftiging, kry mediese hulp en gee hierdie etiket vir hom/haar.
- Bêre agter slot-en-grendel in 'n koel plek weg van kos, voer, saad, kunsmis of ander landbouprodukte.
- Hou buite bereik van kinders, diere en oningelige persone.
- Vermy oogkontak.
- **Herbetreding:** Moenie die behandelde area binne 1 dag betree nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- **TEBUROX** is sonder enige fitotoksisiteitskade op die mees belangrikste kommersiële kultivars getoets. Meer vatbare kultivars mag in die toekoms vrygestel word wat eers getoets moet word; hiervoor moet **TEBUROX** eers op 'n klein toetsoppervlakte aangewend word, alvorens groot kommersiële bespuitings gemaak word.
- **Lugtoediening:** Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie oor wateroppervlakke spuit nie en tref voorsorg dat die spuitnewel nie water of aangrensende gebiede besoedel nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander produkte wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordlikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloed op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

- Moenie spuitnewel inasem nie.
- Vermy kontak met vel, oë en klere.
- In geval van besoedeling, spoel dadelik uit met skoon water.
- Was met seep en water onmiddellik na gebruik of velkontak.
- Moenie rook, eet of drink tydens hantering van produk voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Was besoedelde klere daaglik.
- Moenie toedien waar wortels van enige gewenste plante die produk kan absorbeer nie.
- Spoel die leë houder **drie keer** uit op die volgende manier: Keer die leë houder om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeitot 'n drup verminder het. Spoel die leë houder daarna drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houder. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houder op die voorgeskrewe wyse vernietig word..
- Verhoed dat spuitnewel oorwaai na ander gewasse, weiding, riviere, damme of ander areas wat nie behandel word nie.
- Maak alle toerusting deeglik skoon na gebruik en raak ontslae van die spoelwater waar dit nie die omgewing sal besoedel nie. Leë houers moet weggedoen word in goedgekeurde plaagdoderverbrandingsonde. Moenie die leë houers vir enige ander doel gebruik nie.

SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING

Mondelike inname: Verbygaande beenswakheid, hipo-aktiwiteit en swak versorging.

Inaseming: Verbygaande hipo-aktiwiteit, diarree en hipernee.

NOODHULP BEHANDELING:

Indien ingesluk: Skakel 'n dokter of die gifbeheersentrum. Laat pasiënt 1 - 2 glase water drink indien by bewussyn is en induseer braking deur agterkeel met vinger te raak. Moet nie braking by bewustelose persone induseer nie en moenie enige iets per mond aan so 'n persoon toedien nie. ^{SEP}

Indien op vel: Spoel met baie seep en water. Verkry mediese advies indien irritasie voortduur.

Indien in oë: Spoel oë met baie water. Verkry mediese advies indien irritasie voortduur.



Indien ingeasem: Indien ongemaklik voorkom, verwyder die persoon na 'n plek met vars lug. Verkry mediese advies indien asemhaling moeilik voorkom.

NOTA AAN GENEESHEER

Simptomatiese behandeling.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- **TEBUROX** moenie in areas waar bome of ander gewenste plante se wortels aanwesig is gebruik word nie, aangesien **TEBUROX** in die wortelzone van hierdie plante kan inloeg en dit tot groot skade of dood van die plante kan lei.
- **TEBUROX** mag voor- of na-opkoms toegedien word op plant- en ratoensuikerriet.
- Moenie **TEBUROX** op rietstoppels toedien of op gronde met organiese inhoud van meer as 10% nie; ook nie op gronde met 'n klei-inhoud van minder as 8% nie.
- Moenie enige gewas behalwe suikerriet binne twee jaar van 'n **TEBUROX** behandeling plant nie.
- Moenie op enige gewas of situasie toedien wat nie op hierdie etiket verskyn nie.
- Moet nie hierdie produk in kombinasie of mengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op die etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge ervaar indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur is **TEBUROX** 'n groepkode C2 onkruidodder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **TEBUROX**, of enige ander groepkode C2 onkruidodder het. Indien hierdie onkruidodders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **TEBUROX** of enige ander groepkode C2 onkruidodder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde groepkodes.
- Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte in verskillende onkruidoddergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

Die teenwoordigheid van weerstandbiedende onkruid is moeilik om vas te stel voor die gebruik van die produk en daarom kan die Registrasiehouer of die Verspreider nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige verliese wat gely mag word vir **TEBUROX** wat nie weerstandbiedende onkruid beheer nie. Moet nie **TEBUROX** alleen gebruik in situasies waar onkruidweerstandbiedendheid bevestig is nie. Substandaard toedienings van **TEBUROX** sal tot ondergeskikte onkruidbeheer lei en mag bydra tot die ontwikkeling van onkruidodderweerstand. Dit is uiters belangrik om behandelde areas op gereelde intervalle te inspekteer met die doel om die teenwoordigheid van weerstandbiedende onkruid deurlopend te identifiseer.

METODE VAN WERKING

TEBUROX is 'n onkruidodder, hoofsaaklik deur die wortels geabsorbeer, met vinnige translokasie.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **TEBUROX** met ander produkte hang van die betrokke formulering af, sowel as van die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik gaan word. Deurdat formulering van tyd tot tyd verander word dit aanbeveel om 'n fisiese verenigbaarheidstoets te doen voordat die tenkmengsel gemaak word. Moenie **TEBUROX** met enige produk meng wat nie op hierdie etiket gelys is nie.

TEBUROX is verenigbaar met **Diuron 80WG** (L. 9653), **Ametryn 800WG** (Reg. in proses), **Qwest SC** (L 7508) en **Acetak EC** (L6904).

Wanneer enige ander produk in 'n spuitprogram saam met **TEBUROX gebruik word, moet die betrokke etikette geraadpleeg word rakende aanwysings en beperkings vir hulle toediening en gewasrotasie-aanbevelings.**

MENG- EN TOEDIENINGSINSTRUKSIES

Maak die spuittenk halfvol met skoon water. Maak 'n voormengsel aan deur versigtig die benodigde hoeveelheid **TEBUROX** uit te meet en dit in ongeveer 5 liter skoon water te meng; voeg die voormengsel by die tenkwater terwyl aanhoudend geroer word. Meng die benodigde hoeveelheid vennootprodukt apart in ongeveer 5 liter skoon water. Voeg dan die voormengsel van die vennootprodukt by die tenkmengsel. Voeg dan die benodigde hoeveelheid benatter by. Maak die spuittenk tot by die verlangde volume vol. **Daar moet aanhoudend geroer word.**

Tenkmengsels moet dadelik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die tenk te staan vir langer as 6 ure na vermenging nie. Spuittoerusting moet deeglik uitgewas word sodra spuitwerk klaar is.

TOEDIENINGSMETODES

Maak seker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is en dat dit gereeld gedurende toediening nagegaan word om seker te maak dat toediening egalig en akkuraat is.

GRONDTOEDIENING

TEBUROX mag toegedien word deur enige medium of hoë volume spuit wat in 'n goeie toestand is met 'n goeie roeraksie wat egalige bedekking op die teikenarea sal gee. Platwaaierspuitpunte gee gewoonlik die beste resultate. **TEBUROX** moet in 200 – 300 liter water/ha toegedien word. Die spuitmengsel moet aanhoudend geroer word voor en gedurende toediening. **Moenie toelaat dat die spuitmengsel in die spuittenk uitsak nie.** Gevestigde plantegroei, veral meerjarige onkruid (insluitend byvoorbeeld *Panicum maximum* polle) moet meganies of chemies verwyder word voordat die **TEBUROX** tenkmengsels gespuit word.

Voor-opkoms:

Dien **TEBUROX** plus **DIURON 80WG** of **ACETAK EC** of **AMETRYN 800WG** toe op 'n grondoppervlak wat nie stoppels, klonte of gevestigde onkruid op het nie. Moenie op grond wat oormatig nat of droog is toedien nie. Reën of matige besproeiing is nodig om die **TEBUROX** in die boonste grondlaag waar onkruid ontkiem, in die loog.

Na-opkoms:

Vir die na-opkoms toediening van **TEBUROX** plus **DIURON 80WG** of **ACETAK EC** of **AMETRYN 800WG** of **Qwest SC**, word dit aanbeveel om 'n geskikte benatter by die spuitmengsel te voeg (sien aanbevelingstabel vir besonderhede). Breëblaaronkruid moet kleiner as die vier-blaarstadium met toediening wees. Grasonkruid moet kleiner as die drie-blaarstadium met toediening wees. Vir die tenkmengsel van **ACETAK EC** plus **TEBUROX**, is die aanwesigheid van grassaailinge met bespuiting (of voor genoegsame reën/oorhoofse besproeiing om die asetoklor in **ACETAK EC** te aktiveer), 'n rede vir swak onkruidbeheer.

LUGTOEDIENING (Met Diuron 80WG, Acetak EC en Ametryn 800WG alleenlik)

TEBUROX kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

Toerusting

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker.
- Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks inbeweeg.

Toedieningsvereistes.

- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 350 mikrons word aanbeveel. Verseker dat die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë wegdrywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum beperk word..
- Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bokant die teiken op 3 tot 4 meter.
- Moet nie spuit wanneer die vliegtuig klim, duik, uitklim of draai nie.

Voor-opkoms

- 'n Minimum spuitvolume van 30 liter spuitmengsel per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.

- 'n Minimum aantal van 20 – 30 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- 'n Druppelspektrum van 350 - 400 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë wegdrywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.

Na-opkoms

- 'n Minimum spuitvolume van 30 - 35 liter spuitmengsel per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- 'n Minimum aantal van 35 – 45 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- 'n Druppelspektrum van 300 - 350 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë wegdrywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.

Meteorologiese Toestande

- Die verskil tussen die nat- en droëboltermometer, soos deur 'n swaai-higrometer bepaal, moet nie 8°C oorskry nie.
- Moenie tydens turbulente en onstabiele weerstoestande of gedurende die hitte van die dag toedien nie.
- Moenie onder temperatuurinversie-toestande (deur bokant of binne-in die inversielaag te spuit) toedien nie, want dit kan lei tot:
 - a) Verminderde effektiwiteit as gevolg van suspensie en verdamping van klein druppels in die lug (wat kan lei tot onvoldoende dekking).
 - b) Beskadiging van sensitiewe gewasse en/of nie-teikenareas deur wegdrywing van die spuitwolk weg van die teikenarea.
- Moenie spuit indien die windspoed 15km per uur oorskry nie.

Algemene

- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

AANBEVELINGS

VOOR-OPKOMS

GEWAS	KLEI %	GRONDTOEDIENING DOSIS / ha	LUGTOEDIENING DOSIS / ha
Suikerriet:	8-30 (Sand en sandkleileem)	2.0 l TEBUROX plus òf 2.5 kg DIURON 80WG of 1.75 – 2.5 l ACETAK EC of 2.50 kg/ha AMETRYN 800WG	2.25 l TEBUROX plus òf 2.75 kg DIURON 80WG of 2.81 kg/ha AMETRYN 800WG
	31-50 (Sandkleileem tot sandklei)	2.5 l TEBUROX plus òf 2.5 kg DIURON 80WG of 2.25 – 3.0 l ACETAK EC of 2.50 kg/ha AMETRYN 800WG	2.75 l TEBUROX plus òf 2.75 kg DIURON 80WG of 2.81 kg/ha AMETRYN 800WG

NA-OPKOMS

TABEL 1: TEBUROX TOEGEDIEN IN TENK MENGSELS MET OF DIURON 80WG, ACETAK EC OF AMETRYN 800 WG

GEWAS	KLEI %	GRONDTOEDIENING / ha	LUGTOEDIENING / ha
Suikerriet:	8-30 (Sand en sandkleileem)	2.0 l TEBUROX plus òf 2.5 kg DIURON 80WG of 1.75 – 2.5 l ACETAK EC of 2.50 kg/ha AMETRYN 800WG plus Gesikite byvoegmiddel soos Wet-All of H & R crop olie teen die aanbevole dosis.	2.25 l TEBUROX plus òf 2.75 kg DIURON 80WG of 2.81 kg/ha AMETRYN 800WG plus Gesikite byvoegmiddel soos Wet-All of H & R crop olie teen die aanbevole dosis.
	31-50 (Sandkleileem tot sandklei)	2.5 l TEBUROX plus òf 2.5 kg DIURON 80WG of 2.25 – 3.0 l ACETAK EC of 2.50 kg/ha AMETRYN 800WG plus Gesikite byvoegmiddel soos Wet-All of H & R crop olie teen die aanbevole dosis.	2.75 l TEBUROX plus òf 2.75 kg DIURON 80WG of 2.81 kg/ha AMETRYN 800WG plus Gesikite byvoegmiddel soos Wet-All of H & R crop olie teen die aanbevole dosis.

TABEL 2: QWEST SC EN TEBUROX TOEGEDIEN VROË NA OPKOMS AS 'N ALGEMENE TOEDIENING IN 'N TENK MENGSEL

Die volgende onkruid sal beheer word teen die dosise en onkruidstadiums soos aangedui

GEWAS	DOSIS / ha	Botaniese naa,	Gewone naam	Optimale onkruid stadium
Suikerriet	1.0 l TEBUROX + 2.5 l QWEST SC in 250 – 400 l water / ha	Breëblaaronkruid: <i>Amaranthus spinosus</i> <i>Commelina benghalensis</i> <i>Portulaca oleracea</i>	Doringmisbredie Bengaalse wandelende jood Porslein	2 – 4 blaar
	1.5 l TEBUROX + 2.0 l QWEST SC in 250 – 400 l water / ha	Grasse: <i>Digitaria sanguinalis</i> <i>Eleusine indica</i> <i>Eragrostis ciliaris</i> <i>Eragrostis curvula</i> <i>Panicum maximum</i>	Kruisvingergras Jongosgras - Oulandsgras Gewone buffelsgras	2 – 4 blaar
	2.0 l TEBUROX + 2.5 l QWEST SC in 250 – 400 l water / ha	Biesies <i>Cyperus esculentus</i>	Geel uintjie	3 – 5 blaar

NOTA:

Indien lugtoediening gebruik word en geeluintjie is teenwoordig (tussen die 6 en 8-blaarstadium), word die byvoeging van **AMETRYN 800WG** teen 2.81 kg/ha in plaas van **DIURON 80WG** by die bogenoemde **TEBUROX** toediening aanbeveel.

Die byvoeging van **AMETRYN 800WG** sal ook die "uitklop" effek van **TEBUROX** op ander onkruid verbeter.

Geeluintjie (*Cyperus esculentus*) mag nie beheer word as **TEBUROX + QWEST SC** toegedien word tydens baie droë toestande in die Midlandsgebied van Kwazulu-Natal nie.

ONKRUIDE WAT NORMAALWEG DEUR TEBUROX IN 'N DIURON 80WG OF ACETAK EC OF AMETRYN 800WG TENKMENGSEL BEHEER SAL WORD:

BREËBLAARONKRUIDE

<i>Acacia mearnsii</i>	Swart wattel
<i>Amaranthus hybridus</i>	Gewone misbredie
<i>Amaranthus spinosus</i>	Doringmisbredie
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Roomisbredie
<i>Bidens pilosa</i>	Gewone knapsekêrel
<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie
<i>Chenopodium carinatum</i>	Groenhondebossie
<i>Cleome monophylla</i>	Rusperbossie
<i>Commelina benghalensis</i>	Bengaalse wandelende Jood
<i>Galinsoga parviflora</i>	Knopkruid
<i>Hibiscus trionum</i>	Terblansbossie
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein
<i>Plantago lanceolata</i>	Tongblaar
<i>Schkuhria pinnata</i>	Klein Kakiebos
<i>Tagetes minuta</i>	Kakiebos
<i>Urtica dioica</i>	Brandnetel

GRASSE

<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras
<i>Eleusine indica</i>	Jongosgras
<i>Panicum schinzii</i>	Soetbuffelsgras
<i>Panicum maximum</i>	Gewone buffelsgras
<i>Panicum natalensis</i>	Natalse Buffelgras

WISSELVALIGE BEHEER VAN DIE VOLGENDE ONKRUIDE MET TEBUROX IN 'N DIURON 80WG OF ACETAK EC OF AMETRYN 800WG TENKMENGSELS KAN VERWAG WORD:

<i>Acanthospermum hispidum</i>	Regopsterklits
<i>Convolvulus arvensis</i>	Akkerwinde
<i>Conyza sumatrensis</i>	Vaalskraalhans
<i>Hypochoeris radicata</i>	Harige skaapslai
<i>Ipomoea purpurea</i>	Purperwinde
<i>Sesbania bispinosa</i>	Stekel- sesbania
<i>Xanthium strumarium</i>	Kankerroos

WISSELVALIGE BEHEER VAN DIE VOLGENDE ONKRUIDE MET TEBUROX IN 'N ACETAK EC TENKMENGSEL KAN VERWAG WORD:

<i>Cyperus esculentus</i>	Geeluintjie
---------------------------	-------------

NOTA:

Cyperus esculentus mag onder die volgende toestande beheer word:

Die plantproses moet direk voorafgegaan word deur 'n diep rysterbord ploegbewerking direk gevolg deur verdere grondvoorbereiding om die saadbed fyn, gelyk en ferm te kry. Toediening van **ACETAK EC** moet direk na die finale saadbedvoorbereiding en die plantproses volg. Voldoende aanhoudende deurdringende reën of besproeiing (ten minste 15 mm reën of besproeiing op ligte gronde en 25 mm op swaar gronde) moet na toediening volg voordat die geeluintjies begin om te ontkiem en te ontwikkel. **TEBUROX** beheer die bogenoemde breëblaaronkruid en grasse in tenkingsels met produkte soos aangedui. Ander onkruid wat nie tydens die ontwikkelingsproewe met die middel voorgekom het nie, kan ook moontlik in 'n meerdere of mindere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar egter geen aanspreeklikheid ten opsigte van ongelyke onkruid nie.

ERKENNING VAN HANDELSMERKE

Acetak EC (L 6904)
Ametryn 800 WG (Reg. in proses)
Diuron 80WG (L 9653)
Wet-All (L8361)
H&R crop oil (L6491)
Qwest SC (L 7508)

Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Arysta Lifescience South Africa (Edms.) Bpk.
H&R Global Special Products Sales (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.